
# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKSE

## no. 4.

# MY METGESEL DIE DOOD



**braam le roux**




Skielik word die pistool weggeruk en hy hoor hoe iemand wat hard asemhaal in die gang afhardloop. Met een sprong is Kobus by die deur. Hy ruk dit oop. 'n Oomblik later sien hy die figuur op die ... on spring. Dit is die gestalte van 'n man met 'n rooi ...s, Saada. Hy steek skielik vas toe hy Kobus by die kompartement sien uitloer, en vinnig word twee skote na mekaar afgetrek. Kobus het sy kop egter teruggeruk toe Saada nog skaars korrel gevat het.

# INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Beloftes van Môre | 5 |
| 2. | Die Toue span styf | 21 |
| 3. | Afspraak in die Nag | 37 |
| 4. | Die Dood reis saam | 53 |
| 5. | Moordenaar by die deur | 68 |
| 6. | Die Laaste Slagoffer | 81 |

## Hoofstuk 1

# BELOFTES VAN MÔRE

Kobus Roode is alleen in die leeskamer. Hy staar deur die oop venster na die nag buite. Die son het slegs 'n twee uur gelede ondergegaan, maar dit is stikdonker. Kobus staan met 'n koerant in sy hand en hy vryf nou sy ken nadenkend.

Daar lê 'n snaakse gevoel binne-in Kobus Roode, so asof hy na iets verlang, so asof hy hunker na iets buite sy bereik. Dit is 'n verlange na iets wat ver is, nog anderkant die bult, of winkend op die horison, en dit is 'n heimwee, 'n kloppende heimwee na dinge wat mooi was en nou vir ewig verby is.

Hy stap weer terug na die leunstoel voor die leestafel, plak homself in die stoel neer en staar dan weer na buite. Êrens op die groot Kollege-terrein blaas 'n rekruut op 'n beuel. Dit klink in hierdie stil uur soos 'n jammerlike klag van die een of ander oerdier. Maar daardie rekruut is gedetermineerd om musiek uit die instrument voort te tower. Kobus weet dat hy sal aanhou tot laat vanaand, kort voor ligte-uit.

In die groot perdestal hoor hy ineens die gerunnik van 'n perd. Hy verbeel homself dat hy daardie gerunnik kan verstaan; dit is asof die gerunnik die gevoel binne-in hom vertolk, vae heimwee, verlange na dinge wat ver is.

Kobus glimlag. Dit is byna net soos die dag toe hy as jeugdige aspirant-konstabel uit sy ou geboortedorp weg is, net soos daardie dag toe die trein lank en weemoedig gefluit en snikkend die stasie verlaat het. Toe was dit kaptein Wessels en Frieda Erlank wat eensaam daar op die perron agtergebly het. Toe het hy gevoel soos hy nou voel. Dit was sewe maande gelede. Maar vanaand verlang hy nie na Harrismith met die berge wat die dorpie omring nie; hy verlang nie na die bruisende riviere en blou berge van Basoetoland, die berge waar hy groot geword het nie. Nee, daardie is vae dinge wat ver agter in sy lewe lê. In die sewe maande in die Polisiekollege hier in die hoofstad van Transvaal, het hy al verder weggegroei van die ou dinge. Hy weet nou dat hy geheg geraak het aan hierdie omgewing, die geluide wat nou hier in die stil aand om die leeskamer opklink—die geskaterlag van jong kwekeling-konstabels wat om die biljarttafels

stories verkoop, die gedruis van stemme wat daar van die melkkroeg af in golwe na hom toe aankom.

Hy weet nou: Dit is hierdie dinge wat hy sal mis . . . die beuel wat douvoordag blaas, wanneer jy vinnig uit die vere moet klim . . . Dit is die dae en die aande saam met Paul Verster, Wiekus Martyn, Hannes Eloff en die ander, wat hy sal mis wanneer hy oor twee dae dalk die Polisiekollege verlaat.

Dit is waarom hy vanaand so snaaks voel . . . Dit is waarom die heimwee in hom begin groei . . . waarom hy die verlange na die mooi ervaring wat hy hier in die Polisiekollege beleef het, reeds in hom voel aangroei.

Oor twee dae sal sy lang kursus van sewe maande as berede polisieman ten einde loop, en dan sal hy hopelik die wêreld in gaan, waar hy nuwe mense sal ontmoet, nuwe dinge sal ervaar. En ondanks die eienaardige heimwee sien hy daarna uit om weg te gaan, om sy loopbaan as lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens te begin.

Hy dink skielik aan maj. Kotze, en 'n glimlag plooi om sy mondhoeke. Binne die eerste maand was dit die Majoor wat sy vertroue gewen het, wat eendag 'n uur lank met hom gesels het oor sy ervaring in die klowe van Basoetoland, waar Kobus Roode die hele wêreld van hom laat praat het. Hulle het gemoedelik gesit en gesels. Dit was byna nie asof hy maar 'n eenvoudige rekruut was en die Majoor in rang so ver bokant hom nie. Dit was daardie dag dat Kobus ineens die afwesigheid van 'n vader in sy jeugjare gemis het.

Later het maj. Kotze half grappig eendag aan hom gevra of hy nie graag langer hier in die Kollege wil bly nie. Dit was die dag toe Kobus die diskus byna oor die hele baan geslinger het en alle vorige rekords van die Polisiekollege in die swembad geslaan het.

Natuurlik het hy, Kobus, net gelimlag, want hy het nie juis verstaan wat die Majoor met daardie woorde bedoel nie, maar toe hy wegdraai, het hy die Majoor aan kaptein Verster hoor sê:

'Goeie seun . . . Hy sal 'n aanwins vir die Kollege wees as instrukteur.'

Van daardie dag af het Kobus half slaaplose nagte gehad. Die Kollege het vir hom baie beteken . . . Dit het hom laat dink aan 'n gelukkige gesin, iets wat hy tydens sy jeugjare nie geken het nie. Maar tog het hy geweet dat hy nie daarvan sou hou om hier aan te bly nie. Hy wil uit, berg toe, vlaktes toe. Dit is sy lewe daardie . . . Hy wil



tussen die berge van die land jag maak op misdadigers.

Sy drie maats het al hulle benoemingsbriewe van Hoofkantoor ontvang. Oor twee dae vertrek Paul Verster na Sterkoog toe, 'n gehuggie daar diep tussen die Magaliesberge; Hannes Eloff gaan na die meer beskaafde Louis Trichardt toe. En hoe het hy Wiekus Martyn nie beny nie! Wiekus gaan na 'n verafgeleë plekkie, 'n hanetree van die Portugese grens af, 'n polisiestasietjie in die hartjie van Zoeloeland, Ndumo.

Maar hy het nog geen lang koeverte ontvang nie.

Toe hy by sersant Verwey, die instrukteur in selfverdediging, gekla het, het sersant Verwey laggend opgemerk:

'Toe maar . . . jy gaan dalk na die Kalahariwoestyn toe!'

Net buitekant die leeskamer het 'n klompie manne nou aan die sing gegaan . . . Hulle stemme draal deur die naglug. In die verte oefen die rekruut nog naarstiglik op sy beuel.

Kobus kyk weer na die koerant voor hom. Sy gedagtes het die afgelope aantal minute so gedwaal dat hy sy aandag nie kon bepaal by wat hy reeds gelees het nie. Hy het die hele koerant alreeds ingedagte deurgeblaai. Somtyds verkeer Kobus in so 'n stemming, 'n mymerende stemming. Hy peins ure oor die lewe en oor die dinge wat verby is. Al het hy die voorblad van die koerant seker al vier-vyf keer oorgelees, weet hy niks wat daarin staan nie. Hy neem die koerant nou egter met mening op, vasberade om nou te konsentreer.

In die middel van die blad dans die swart letters voor sy oog. Hy kan onthou dat sy oë verskeie kere al op hierdie selfde letters gerus het, maar toe het niks tot hom deurgedring nie. Hy het toe net gesien en ook nie gesien nie. Maar nou, terwyl hy dit weer lees, onthou hy dat hy al vir die afgelope halfuur probeer om die inhoud van die berig te absorbeer.

Hy lees die opskrif:

'LYK VAN KONSTABEL IN BOS GEVIND.'

Nou kry die opskrif betekenis; hy frons en lees nuuskierig verder.

'Die lyk van 'n konstabel, reeds in 'n mate ontbind, is vier dae gelede in die ruigtes langs die Usutu-rivier gevind. Die Usutu-rivier vorm die grens tussen Zoeloeland en Portugees-Oos-Afrika. Die lyk was geklee in gewone drag van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Na verklaar word, moes die lyk reeds 'n week lank aan die son en wind blootgestel gewees het. Die lyk is aan die Portugese kant van die grens

gevind, en na van die distriksoffisier op Eshowe, maj. K.L. Lease, verneem word, stel die Mosambiekse polisie ondersoek in. Na gemeen word, is die konstabel, G.K. Venter, wat aan die polisiestasie op Ndumo verbonde was, reeds agt dae voordat die lyk ontdek is, op patrolliediens van Ndumo af weg. Die polisie op Ndumo het lank sonder sukses na hom gesoek. 'n Swartman van Mosambiek het die lyk ontdek en toe in verbinding getree met Ndumo wat maar ongeveer 12 kilometer van die rivier af geleë is.

'Die vermoede bestaan dat Konstabel Venter deur 'n slang gebyt is onderwyl hy in die ruigtes gerus het. Daar is geen tekens van kneusplekke aan sy liggaam nie, en twee klein gaatjies, vermoedelik die merke van 'n slang se tande, is aan die bo-arm gevind. Die lyk is na Ingwavuma vervoer waar die distriksgeneesheer 'n lykskouing sal hou.

'Dit is bekend dat mambas in groot hoeveelhede op sekere tye van die jaar langs hierdie rivier wemel.'

Kobus sit die koerant voor hom op die tafel neer en vir 'n oomblik is sy gedagtes by 'n breedvloeiende rivier, tussen ruigtes. Hy kan die warm son op hom voel skyn en tussen die ruigtes kan hy 'n konstabel op sy perd sien ry. Ineens wonder hy hoe hierdie polisieman gelyk het, en hoe oud hy was. Miskien het hy maande gelede hier in dieselfde leeskamer gesit waar hy nou sit; miskien het hy ook soos hy, Kobus, uitgesien na die lewe buite, na die avontuur wat op elke jong konstabel wag wanneer hy hier uitkom.

Toe val dit hom by. Wiekus Martyn gaan mos na Ndumo toe. Wiekus gaan hierdie dooie konstabel se plek vul. Natuurlik . . . Wiekus sou nie daar aangestel gewees het nie, was dit nie vir hierdie tragedie nie. So kom hulle, so gaan hulle, dink hy met weemoed.

Skielik bars die leeskamer se deur oop. Hy sien Hannes se gesig eerste en dan loer Paul Verster se gesig om die deur.

'Kom . . . kom, Kobus! Jy sit hier en droom. Ek dag dan jy het belowe om saam met ons te kom swem. Dit is nog maar net halfnege. Kom, Kobus. Dit is vanaand heerlik om te swem. Ek wil hê jy moet my touwys maak met daardie rugslag van jou,' pleit Hannes Eloff haastig.

Kobus staan op en gooi die koerant oor die tafel na Hannes toe.

'Lees jy en Paul daardie berig, Hannes.'

Hannes, 'n breedgeskouerde jongman met 'n dun nylonhempie



aan, neem die koerant op en begin lees. Paul loer oor sy skouer. Ná 'n rukkie roep Hannes uit:

'Ndumo . . . Ndumo? Dit is mos die plek waarheen ou Wiekus gaan. Mapstieks, ons sal die ou moet waarsku teen die slange.'

'Haha,' lag Paul. 'Dit lyk my Wiekus sou nooit soontoe gegaan het nie, was dit nie vir hierdie Venter nie.'

'Waar is Wiekus, Paul? Hy het belowe om saam te kom swem voor bedtyd.'

Hannes kyk na Paul en Paul trek 'n gesig.

'Kobus, Wiekus is nie meer die man wat hy was nie. Hy stel nie meer veel belang nie. Dit lyk my hy wil ons nou afsterf. Dit lyk my hy begin hom baie hoogmoedig hou. Sy pappa is mos 'n kolonel. Waarom sal hy dan saam met ons gesien word,' kom dit snipperig van Paul Verster.

'Wiekus makeer niks nie, kêrels. Hy hou hom nie hoogmoedig nie. Ek dink net daar is iets wat hom deesdae jaag . . . vreeslik jaag,' tree Kobus vir Wiekus in die bresse.

'Dat daar iets is wat hom jaag, glo ons ook,' sê Hannes, 'maar as jy my wil vra, is hy verlief—doodsmoorverlief, as daar so 'n woord is.'

'Weet julle waar hy vanaand heen is?' vra Kobus vinnig toe hy sien dat sy twee maats in 'n stemming verkeer om te begin skinder.

'Hy het gesê dat Byro hom geskakel het. Die ou Portugees wil hom glo dringend gespreek het. Maar dit is meer om die hondjie as die halsbandjie. Daardie Portugese bruinoogskoonheid van Byro is nou eenmaal sy moses,' merk Hannes op.

'Ek sal tog 'n Portugees vry!' sê Paul vies.

Kobus berispe hom.

'Wat is verkeerd met Miriam? Sy is 'n Portugees, doodreg, maar hulle is blankes, nes ons. Buitendien is Byro 'n opgevoede kêrel met twee universiteitsgrade agter sy naam. Ek sien niks verkeerd met Wiekus se verhouding met Miriam nie . . . Net . . . net dat hy miskien te ernstig is met haar . . .'

'Ditsem, Kobus. Jy meen die meisie het na sy kop gegaan,' sê Hannes.

Kobus lag.

'Ek dink jy slaan die spyker so op die kop, Hannes. Wel, Wiekus is by Miriam Byro en ons gaan swem. Ons het minder as 'n uur tyd,' kondig Kobus aan.

Hulle verlaat die leeskamer vinnig. Die koel aandbries waai verfrissend teen Kobus Roode aan en beweeg selfs sy anders weerbarstige bruin borselkop. Sy helder blou oë is steeds op skrefies, want hy is alweer besig om te mymer, te peins oor 'n verliefde konstabel.

'Het jy al gehoor waarheen hulle jou gaan stuur, Kobus?' vra Paul skielik.

'Nee, ek het dit nog nie gehoor nie.'

'Ek skat jy bly hier, ou Kobus. Hulle wil jou hê om rekrute af te rig.'

'As hulle dit doen, Hannes, dan het ek die hele doel van my koms hierheen skoon gemis. Ek het hierheen gekom om opgelei te word om misdadigers aan te keer . . . Ek beskou dit as my roeping.'

Vir Kobus is dit besonder stil vannag, stiller as al die ander nagte wat hy op hierdie bed in die ruim slaaplokaal geslaap het. Dit is Oktobermaand, maar tog is daar geen geluide buite nie. Baie dikwels in die verlede het hy snags wakker geword en gelê en luister na die sang van die krieke en selfs die gekwaak van die paddas. Soms was daar die gekreun van 'n lokomotief wat daar ver teen die Magaliesberge na die noorde toe uitkruie. Maar vannag is daar niks, geen enkele geluid buite nie. Selfs hier in die slaaplokaal haal die ander vyf-en-dertig slapendes skaars asem. Net daar in die hoek saag Botes hout, maar hy saag nie naby so hard as ander aande nie.

Ander nagte slaap Kobus soos 'n klip, maar vannag het die slaap totaal van hom gewyk. Hy dink te veel. Vanmiddag het hy al met die dinkery begin, en dit is asof hy nie kan ophou nie.

Kobus lig hom stadig op sy elmboë orent en staar in die lang kamer af. In die duisternis van die vertrek kan hy die wit beddens uitmaak wat tot teenaan die verste muur strek. Daar is geen maanlig wat vannag deur die rye vensters na binne loer nie. Dit is buite amper donkerder as hier in die vertrek.

Kobus is seker dat dit al lank ná middernag moet wees. Hy kan sy gedagtes nie beheer of beteuel nie. Nadat hy en sy twee maats klaar geswem het, is hulle uitmekaar. Hy was net klaar uitgetrek, toe was dit ligte-uit. Hy het hier moeg kom lê om te slaap . . . maar toe het hy aan die droom gegaan. Sy dagdrome het begin by Harrismith, waar Frieda hom 'n vaarwelkus gegee het. Sy gedagtes het effens om haar beeld bly sirkel, maar Kobus het tot sy verbasing gevind dat haar beeld al effens vervaag het. Daarna het sy drome hom hierheen



gebring; toe het dit oorgeskakel na Hannes, Paul en Wiekus. Hy het gewonder waar hulle drie oor 'n jaar sal wees. Hy het homself probeer voorstel hoe hy sal lyk in sy uniform op een van die afgeleë polisiestasies. Vir die afgelope halfuur bly Wiekus die sentrum van sy gedagtes. Hy wonder onder watter voorwendsel hy vanaand uit die kamp gekom het. Dit is Vrydagaand, en Vrydagaand is daar in normale omstandighede niemand wat toegelaat word om uit te gaan nie. Hy het gewonder of Wiekus nou regtig so oorverlief op Miriam is dat hy met haar sal wil trou.

Skielik gooi Kobus die komberse van hom af weg. Hy staan op en rek hom lomerig uit. As die slaap net wil kom. Hy druk met sy hande op die vensterbank vlak by sy bed en tuur na buite. Die geboue staan roerloos in die nag. Van hier af kan hy die paradeplein sien en die hoofgeboue oorkant.

Ineens is Kobus bewus van iemand wat hard asemhaal. Hy hoor selfs iets soos kaalvoete wat op die harde grond klap. Hy kyk skielik agter hom in die donker vertrek in. Dan leun hy heeltemal na buite. Hy is net betyds om 'n gestalte vinnig in die skaduwee van 'n boom te sien verdwyn. Die boom is maar etlike treë van die venster af.

Kobus staar stip na die donker skaduwees wat onder die boom lê. Nou hoor hy die gejaagde asemhaling duideliker. Kobus maak hom reg om deur die venster te spring.

Skielik kom die figuur weer tevoorskyn. In 'n oogwenk merk Kobus dat die persoon sonder hemp is. In die flou sterlig kan hy die rooi verbrande vel onderskei. Die persoon pyl reg op die venster af waar hy staan.

Ineens word 'n warm asem in sy gesig geblaas.

Vir 'n oomblik dink Kobus dat dit een van die manne van hierdie slaapsaal is wat sonder toestemming na buite gesluip het. Kobus is al vir die afgelope week leier van die afdeling wat in hierdie slaaplokaal saam met hom woon. Daarom gryp hy vinnig na die man hier vlak voor hom. Hy kry hom aan sy skouers beet, beswete skouers, en ruk hom nader.

'O, ja, en wie is jy, meneertjie!' kom Kobus se stem hees en gedemp.

'Dit . . . dit is ek, Kobus, Wiekus! Kobus, ek . . . ek moet jou iets vertel.'

Kobus ontwaar die angs en die dringendheid in sy maat Wiekus